higher education & training

Department:
Higher Education and Training
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

N470**(A)**(M27)H

NASIONALE SERTIFIKAAT

ENTREPRENEURSKAP EN ONDERNEMINGSBESTUUR N5

(Tweede Vraestel)

(4090315)

27 Mei 2019 (X-Vraestel)
09:30–12:00

OOPBOEKEKSAMEN

Sakrekenaars en VYF voorgeskrewe verwysingsbronne bestaande uit woordeboeke, handboeke en studentelêers met lesingnotas mag gebruik word.

Hierdie vraestel bestaan uit 7 bladsye.

Kopiereg voorbehou

DEPARTEMENT VAN HOËR ONDERWYS EN OPLEIDING
REPUBLIEK VAN SUID-AFRIKA

NASIONALE SERTIFIKAAT
ENTREPRENEURSKAP EN ONDERNEMINGSBESTUUR N5
(Tweede Vraestel)
TYD: 2 URE 30 MINUTE
PUNTE: 150

LET WEL: Indien jy meer as die vereiste getal vrae beantwoord, sal slegs die vereiste getal nagesien word. Trek ALLE werk dood wat jy NIE wil laat nasien NIE.

INSTRUKSIES EN INLIGTING

1. Beantwoord enige DRIE vrae.

2. Lees AL die vrae aandagtig deur.

3. Nommer die antwoorde volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik is.

4. Punte sal NIE toegeken word as jy direk uit die handboek oorskryf nie.

5. Skryf netjies en leesbaar.

Kopiereg voorbehou

AFDELING B

VRAAG 2

2.1 Die vrou van die eienaar van Maria Stores kan nie besluit of sy die winkel moet verkoop wat sy al jare lank besit het nie. Ná haar man se afsterwe wil sy graag na haar dorpie terugkeer.

Gebruik die SEWE stappe van die besluitnemingsproses om haar te help om 'n ingeligte besluit te neem. (7 × 2) (14)

2.2 Morubane is die eienaar en hoof uitvoerende beampte van Morubus-vervoerdienste in Vuselala. Hy vervoer studente en personeel daagliks na en vanaf die skool en werkplekke. Hy het motorvoertuie en busse te huur asook voertuie vir spesiale geleenthede soos troues, kampering en godsdienstige geleenthede. Sy dienste is in groot aanvraag, veral oor naweke en tydens groot geleenthede. Die onderneming het die volgende struktuur: Vervoerbestuurder met vyf bestuurders, 'n geleentheidsbestuurder en twee assistente.

2.2.1 Hoe sou jy vir Morubane oor die departementalisering van sy onderneming adviseer op grond van die volgende:

A Tyd
B Klante
C Produkte
D Prosesse
E Funksionaliteit

(5 × 4) (20)

2.2.2 Noem VIER faktore wat 'n eienaar van 'n onderneming in ag moet neem wanneer hy of sy 'n verskaffer kies. (4 × 2) (8)

2.2.3 Dui aan of die volgende stelling WAAR of ONWAAR is. Kies die antwoord en skryf slegs 'Waar' of 'Onwaar' langs die vraagnommer (2.2.3) in die ANTWOORDBOEK neer.

Prioriteite is doelwitte wat deur besigheidsmense gestel word, en wat deur tydsraamwerke gedefinieer word. (2)

2.2.4 Teken 'n organisatoriese struktuur vir Morubus-vervoerdienste. (6)

[50]

VRAAG 3

3.1 Mary wil 'n onderneming begin wat kantoorwerk soos dokumente tik, fotostate maak, fakse en drukwerk doen. 'n Paar rekenaars sal ook vir Internettoegang beskikbaar gestel word. Sy beplan om VIER personeellede aan te stel.

Sy het bereken dat haar vaste koste R8 000 en haar veranderlike koste R3 500 per maand sal wees. Mary se veronderstelling is dat haar gemiddelde geweegde brutowins-persentasie met 'n verkoopprys van R80 en kosprys van R35,25,5% sal wees.

3.1.1 Identifiseer TWEE voorbeelde van Mary se vaste koste en TWEE veranderlike koste. (2 × 2) (4)

3.1.2 Noem VYF items wat op Mary se werknemers se dienskontrakte moet verskyn. (5)

3.1.3 Noem en verduidelik DRIE interne en DRIE eksterne omgewings-faktore wat 'n positiewe uitwerking op Mary se onderneming kan hê. (12)

3.2 Bereken die volgende vir Mary:

3.2.1 Gelykbreekpunt in randwaarde (4)

3.2.2 Hoeveel eenhede moet sy per maand verkoop om gelyk te breek? (4)

WENK: Eenheidsprys

3.2.3 Indien Mary 'n wins van R5 000 wil maak, wat sal haar gelykbreekpunt in rand wees? (5)

3.3 Verduidelik hoe Mary sal verseker dat sy as werkgewer aan die volgende wetgewing voldoen:

3.3.1 Wet op Arbeidsverhoudinge

3.3.2 Werkloosheidsversekeringsfonds

3.3.3 Wet op Basiese Diensvoorwaardes

3.3.4 Wet op Diensbillikheid ('Employment Equity Act')

(4 × 4) (16)

[50]

VRAAG 4

Daar is bewys dat daar onbeperkte moontlikhede vir mense met 'n TBOO-kollege-opvoeding is.

Mamodise is 'n jong dame van 'n plaas in Saron, net buite Porterville in die Wes-Kaap. Sy het albei haar ouers op die ouderdom van agt verloor en was verplig om by haar bure te gaan woon, 40 km vanaf haar ouerhuis. Sy het vanaf 'n vroeë ouderdom haarself gemotiveer om onafhanklik te word en om haar broer en suster finansieel te help ten spyte van armoede en 'n gebrek aan geleenthede

Sy was gelukkig genoeg om na 'n program op Radio 2000 te luister, waar 'n motiveringspreker gepraat het oor 'Jou omstandighede moet nooit 'n struikelblok tot jou geluk en sukses wees nie'. Vandag is Mamodise die trotse eienaar van Bonner's Academy in die Wes-Kaap. Die akademie het meer as 10 personeellede in diens en bied mentorskapprogramme aan baie gemeenskapslede.

4.1 Bespreek Mamodise se houding onder die volgende opskrifte:

4.1.1 Proaktief

4.1.2 Begin met die eindpunt in sig

4.1.3 Dink wen-wen-situasie

4.1.4 Die ander siening

4.1.5 Prioriteite

(5 × 2) (10)

4.2 Delegering is die proses waartydens 'n bestuurder of eienaar gesag en verantwoordelikheid aan 'n ondergeskikte toewys.

4.2.1 Bespreek enige VIER moontlike redes waarom 'n bestuurder/eienaar soms huiwerig kan wees om take te delegeer.

(4 × 3) (12)

4.2.2 'n Entrepreneur moet op die verskillende soorte mag/gesag let.

Verduidelik en gee 'n praktiese voorbeeld van die frase: 'Dit is belangrik om jou mag te ken, maar dit is noodsaaklik om die magsposisie van 'n ander persoon of groep te erken'. (3 × 4) (12)

4.3 Stel 'n posbeskrywing vir 'n bemarkingsbestuurder op. Sluit minstens VIER pligte in. (Jou antwoord moet die volgende insluit: Postitel, rapporterings-gesag, posopsomming, pligte, vereistes, bepalings en voorwaardes). (16)

[50]

Kopiereg voorbehou

VRAAG 5

5.1 Bestudeer die Balansstaat van Bonner's Academy hier onder en beantwoord die vrae.

LET WEL: Gebruik die na-belastingsyfer en toon ALLE berekeninge.

Balansstaat van Bonner's Academy soos op 30 April 2017

Aangewende kapitaal		R370 000
Eienaarsekwiteit		
Kapitaal	R289 500	
Netto wins na belasting	R80 500	
Langtermynlening		R150 000
		R520 000
Aanwending van kapitaal		R330 000
Grond en geboue	R250 000	
Toerusting	R80 000	
Bedryfsbates		R120 000
Voorraad	R15 000	
Debiteure	R90 000	
Bank en kontant	R15 000	
Bedryfslaste		R70 000
Krediteure	R70 000	
		R520 000

Addisionele inligting:

1. Netto wins voor belasting uit die inkomstestaat is R180 000.
2. Totale verkope het R650 000 bedra.

5.1.1 Werk die onderneming se korttermynlikiditeit uit.

WENK: Bedryfsverhouding (5)

5.1.2 Hoe goed vergoed die onderneming Mamodise (die eienaar van Bonner's Academy) vir die risiko wat sy aanvaar?

WENK: Opbrengs op belegging (6)

5.1.3 Het die onderneming genoeg kontant om sy skuld te dek?

WENK: Vuurproefverhouding, gemiddelde invorderingstydperk (80% van verkope is op krediet) (12)

5.1.4 Was dit vir Mamodise die moeite werd om die risiko te loop? Gee DRIE redes. (3 × 2) (6)

5.2 Identifiseer VYF areas van die beheer van operasie bestuur en verduidelik hoe elkeen tot die sukses van enige onderneming kan bydra. (5 × 3) (15)

5.3 Dzana, die trotse eienaar van Dzana Koffiewinkel in Multi Central Mall, wil meer mededingend in die bedryf word. Adviseer haar oor hoe sy die volgende kan implementeer:

5.3.1 Prysmededinging

5.3.2 Kliëntediens

5.3.3 Verbetering van produk/dienste

(3 × 2) (6)
[50]

TOTAAL AFDELING B: 150
GROOTTOTAAL: 200

Kopiereg voorbehou